ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE VIR VRAESTEL 3

1. Bestudeer en bespreek die rubriek baie deeglik. Beplanning en redigering is by die rubriek ingesluit.

2. As skryfstukke **heeltemal** uit die vraestel saamgeflans word (dele van opdragte uit die vraestel word net so oorgeskryf), sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die leerder ontvang dan **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: Nie eie werk nie. / Geen kommunikasie nie. / Saamgeflans

3. As 'n onderwerp misgetas word, word die leerder ook streng gepenaliseer as dit by inhoud en kommunikasie kom ('n baie lae punt). Taal kan normaal nagesien word.

Die gebruik van die volgende simbole is nie verpligtend nie. Dit dien slegs as voorbeeld.

SIMBOOL	BESKRYWING	VERDUIDELIKING
__	Kort strepie	Spelfout
_____	Lang streep	Foutiewe woorde
(.....)	Hakies	Woordorde
^	Weggelaatteken	Woord(e) weggelaat
.. ..	Eenwoordteken	Behoort een woord te wees.
? (kantlyn)	Groot vraagteken	Effens onduidelik
x	Kruisie	Komma weggelaat
T (kantlyn)	Hoofletter T	Tye verwar
herh (kantlyn)	Afkorting	Herhaling van gedagtes
//	Twee skuinsstrepies	Dui nuwe paragraaf aan
	Kronkelstreep	Onverstaanbaar
	Hoofletter	Skryf self die hoofletter in.
vs	Vraestel	Dele net so uit vraestel oorgeskryf

AFDELING A : LANGER SKRYFSTUKKE

VRAAG 1

1.1 VERHALEND

As die taxi nie gestop het nie, was my lewe nog dieselfde.

Kriteria:

+ Is dit 'n storie?
+ Is daar karakters?
+ Vind daar gebeure plaas, is daar ontwikkeling?
+ Goeie verrassende slot.

+ Oortuig die verhaal?
+ Is die verhaal boeiend?
+ Is daar logiese ontwikkeling?
+ Is die skryfstuk 'n samehangende geheel?

TAAL

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

INHOUD

+ Is daar ’n samehang in sinne en paragrawe
+ Word daar verwys na:- die gebeurtenis wat die lewe verander het?
  plek en tyd?
  wat gebeur het?
  wie almal betrokke was?
  hoe die persoon gevoel het?

KOMMUNIKASIE

+ Word oor die onderwerp gekommunikeer, m.a.w. word die gebeurtenis genoem?
+ Was dit werklik ’n gebeurtenis wat jou lewe verander het?
+ Oortuig die verhaal?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?
+ Wat is my reaksie: is die verhaal mooi, interessant, gewoon, alledaags?

1.2 BESKRYWEND

Dit wat ek vandag is, het ek te danke aan.

Kriteria:

+ Dit wat beskryf word, moet so werklik vir die leser wees as wat dit vir die skrywer is.
+ Kan as't ware sien en ervaar.
+ Die persoonlikhede word lewensgetrou beskryf.
+ Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
+ Woorde word fyn gekies.
+ Inleiding en slot is gepas.

TAAL

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

INHOUD

+ Is daar ’n samehang in sinne en paragrawe?

+ Word die invloed van persoon op lewe beskryf?
+ Klink dit soos ’n persoonlike ervaring / belewenis?

KOMMUNIKASIE:

+ Word dit wat beskryf word, so werklik in die leser se verbeelding as wat dit vir die skrywer is?
+ Wat is my reaksie: is die beskrywing goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

1.3 BESPIEGELEND

Om ’n tiener te wees is nie maklik nie.

Kriteria:
+ ’n Spesifieke standpunt word ingeneem en
+ Oortuigend gemotiveer.
+ Logiese ontwikkeling
+ Kom tot 'n gevolgtrekking

TAAL

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

INHOUD
+ Is daar ‘n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word daar bespiegel oor die probleme was die lewe van die tieners moeilik maak?

KOMMUNIKASIE

+ Word daar oortuigend oor die onderwerp gekommunikeer, m.a.w. word dit waaroor bespiegel word, so werklik in die leser se verbeelding as wat dit vir die skrywer is?
+ Wat is my reaksie: is die argument goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

1.4 ARGUMENTEREND

Vleilandprojekte is ’n goeie ding.

Kriteria:
+ Oor 'n saak word gedebatteer en argumente daarteen word gegee.
+ Die skrywer het persoonlike ondervinding of goeie kennis oor die onderwerp.
+ Die probleem of saak word omskryf.

+ Positiewe en negatiewe standpunte word gestel.
+ Verskillende opinies word teen mekaar opgeweeg.
+ Eie mening is logies en sistematies uiteengesit.

TAAL

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

INHOUD

+ Is daar ‘n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word gevoelens oor vleilandprojekte vak uitgespreek?
+ Word daar gesê hoekom vleilandprojekte ’n goeie ding is?
+ Pas argumente by onderwerp.
+ Word ’n eie mening logies en sistematies uiteengesit?
+ Word daar tot ’n gevolgtrekking gekom?

KOMMUNIKASIE

+ Word daar oor die onderwerp gekommunikeer, word insig oor die onderwerp openbaar, het skrywer werklik oor onderwerp gedink?
+ Wat is my reaksie: is die argumente goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

1.5 BEREDENERENDE SKRYFSTUK

TV-speletjies is gevaarlik.

Kriteria:

+ Redes word akkuraat gegee.
+ Redes is uitgebrei.
+ Leser gelei tot insig en kennis.
+ Skrywer bly neutraal.

TAAL

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

INHOUD

+ Is daar ‘n samehang in sinne en paragrawe?
+ Is daar redes gegee waarom TV-speletjies gevaarlik?
+ Is die redes akkuraat?
+ Word die leser tot insig en kennis gelei?

+ Bly die spreker neutraal?

KOMMUNIKASIE

+ Word daar oor die onderwerp gekommunikeer, m.a.w. is die redes wat gegee word, geloofwaardig?
+ Wat is my reaksie: is die redes goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

TOTAAL AFDELING A: [50]

AFDELING B - LANGER TRANSAKSIONELE STUKKE

VRAAG 2

2.1 FORMELE BRIEF
Brief aan die pers.

TAAL

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

INHOUD

+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word die mishandeling van diere aangespreek?
+ Word skrywer se mening gegee?

KOMMUNIKASIE

+ Is die kommunikasie spontaan?
+ Is die kommunikasie so geslaagd dat dit die gewenste reaksie by die leser uitlok?
+ Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

2.2 HULDEBLYK
Leier van Kwaito-groep.

TAAL

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees

+ Die oorgrote gedeelte van die huldeblyk moet in die derdepersoon geskryf word.

+ Persoonlike ervaring word in die 1ste persoon geskryf.

INHOUD

+ Is daar ‘n samehang in sinne en paragrawe?
+ Word persoonlike inligting (wie ,wanneer, hoe) oor die oorledene gegee?
+ Word daar verwys na die persoonlikheid van die oorledene en hoekom hy/sy spesiaal was?
+ Word daar verwys na die betekenis wat die oorledene op die verteller se lewe en op die skool gehad het?

KOMMUNIKASIE

+ Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

2.3 DIALOOG

Onderhoud Suid-Afrikaanse sanger.

Gesprek tussen twee karakters. Verkieslik die soort gesprek wat onderhoudvoerder met bekende persoonlikheid sal hê.

TAAL

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

INHOUD

+ Is die trant duidelik ten opsigte van soort onderhoud wat gevoer word.
+ Word interessante inligting oor sanger gegee.

KOMMUNIKASIE

+ Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

2.4 BROSJURE

Kriteria:

+ Wees **spesifiek**. Feite moet duidelik wees.
+ Wees **saaklik.** Sinne moet kort en duidelik wees. Langdradige sinne verloor die aandag.
+ Mik taal en styl op die leser.
+ Woordkeuse interessant en effektief.

TAAL

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

INHOUD

+ Is die trant duidelik ten opsigte van inligting oor inkopiekompleks.

KOMMUNIKASIE

+ Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

TOTAAL VIR AFDELING B : 30

AFDELING C: INFORMATIEWE-, TRANSAKSIONELE- EN NASLAAN TEKSTE

VRAAG 3

3.1 VOLTOOIING VAN VRAELYS.

TAAL

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

INHOUD

+ Beantwoord die leerder die vrae soos wat dit aan hom gestel is.
+ Word kort antwoorde gegee.

3.2 POSKAART

TAAL

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

INHOUD

+ Formaat dieselfde as van brief.
+ Kort en bondige inhoud.
+ Pas by opdrag.

3.3 INKOPIELYS

TAAL

Die opdragte is baie spesifiek so gegee dat die leerder presies weet wat die doel, teikengroep en konteks van elke teks moet wees.

INHOUD

+ Word belangrike inligting gegee?
+ Opdrag word uitgevoer.

TOTAAL VIR AFDELING C : 20

TOTAAL : 100

		Uitmuntend	Verdienstelik	Beduidend	Voldoende	Matige	Basi
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL RUBRIEK NSS **AFDELING A: OPSTEL** **50 PUNTE**	**TAAL**	- Taal, punktuasie effektief gebruik. Gebruik gepaste figuurlike taal. - Woordkeuse hoogstaande en toepaslik. - Sinne en paragrawe samehangend saamgestel. - Styl, toon, register hoogstaande. toepaslik vir onderwerp. - Teks feitlik foutvry na proeflees en redigering - Lengte in ooreenstemming met vereistes van onderwerp	- Taal, punktuasie korrek, en kan figuurlike taal korrek gebruik. -Woordkeuse gevarieerd en korrek gebruik. - Sinne en paragrawe logies, gevarieerd. - Styl, toon, register toepaslik vir onderwerp. - Teks grootliks foutvry na proeflees en redigering - Lengte korrek.	- Taal en punktuasie meestal korrek. - Woordkeuse gepas by teks. - Sinne en paragrawe goed saamgestel. - Styl, toon, register toepaslik in groot dele van opstel. - Teks meestal foutvry na proeflees en redigering - Lengte korrek	-Taal eenvoudig, punktuasie voldoende. - Woordkeuse voldoende. - Sinne en paragrawe kan plek-plek foutief wees, maar opstel maak nog sin. - Styl, toon, register pas in die algemeen by vereistes vir onderwerp. - Teks het steeds foute na proeflees en redigering. - Lengte korrek.	- Taal gewoon en punktuasie word gereeld verkeerd gebruik. -Woordkeuse basies. - Sinne en paragrawe foutief, opstel maak nog sin. - Styl, toon, register ontbreek aan samehang. - Teks het baie foute na proeflees en redigering. - Lengte – te lank / kort	-Taal en punktuas - Woordkeuse bep - Elementêre kons sinne en paragraw - Styl, toon, regist ontoepaslik. - Teks wemel van proeflees en redig - Lengte – te lank
INHOUD		**Kode 7: 80 – 100%**	**Kode 6: 70 – 79%**	**Kode 5: 60 – 69%**	**Kode 4: 50 – 59%**	**Kode 3: 40 – 49%**	**Kode 2: 3**
Uitmuntend - Inhoud treffende insig in onderwerp. - Idees: gedagtegang ryp en uitdagend, -Samehangende ontwikkeling van onderwerp, besonderhede duidelik. - Krities bewus van impak van taal - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van feitlik foutlose beplande opstel.	**Kode 7 80-100%**	**40 - 50**	**38 – 42**	**35 – 39**			
Verdienstelik - Inhoud: prysenswaardige interpretasie van onderwerp. - Idees: verbeeldingryk en interessant. -Logiese ontwikkeling van inhoud. Samehangend - Krities bewus van impak van taal. - Bewys van beplanning en / of konsep daarvan lei tot aanbieding van goed beplande opstel.	**Kode 6 70-79%**	**38 – 42**	**35 – 39**	**33 – 37**	**30 – 34**		
Beduidend - Inhoud: grondige interpretasie van onderwerp.. - Idees: interessant, oortuigend. - Verskeie toepaslike besonderhede ontwikkel. - Kritiese bewustheid van taal is duidelik. - Bewys van beplanning en / of konsep daarvan lei tot die aanbieding van 'n baie goeie opstel.	**Kode 5 60-69%**	**35 – 39**	**33 – 37**	**30 – 34**	**28 – 32**	**25 - 29**	
Voldoende - Inhoud: Interpretasie van onderwerp voldoende. - Idees: gewoon, diepte ontbreek -By sommige aspekte is daar ontwikkeling van die nodige besonderhede. - Soms is daar tekens van kritiese bewustheid van taal. - Bewys van beplanning en / of konsep daarvan lei tot bevredigende aanbieding van opstel.	**Kode 4 50-59%**		**30 – 34**	**28 – 32**	**25 – 29**	**23 – 27**	**20 –**
Matige - Inhoud gewoon, Leemtes in samehang. - Idees: meestal relevant, herhaling. - Mees belangrike besonderhede is teenwoordig. - Kritiese taalbewustheid beperk. - Bewys van beplanning en / of konsep daarvan lei tot middelmatige, samehangende aanbieding van opstel.	**Kode 3 40-49%**			**25 – 29**	**23 – 27**	**20 – 24**	**18 –**
Basiese -Inhoud nie altyd duidelik, samehang ontbreek. - Idees: min idees, gereelde herhaling. - Onderwerp nie deurgaans aangespreek nie, moeilik om gedagtegang te kan volg. - Nie voldoende bewys van beplanning/konsep nie,	**Kode 2 30-39%**				**20 – 24**	**18 – 22**	**15 –**

		Uitmuntend	Verdienstelik	Beduidend	Voldoende	Matige	Basiese	Ontoe
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL RUBRIEK NSS **AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE** **30 PUNTE**	**TAAL**	- Alle reëls van formaat is toegepas. – Teks is grammatikaal korrek en goed saamgestel. - Woordkeuse van hoogstaande standaard en uiters geskik vir die doel, gehoor en konteks. - Styl, toon, register is baie toepaslik. - Na proeflees en redigering is teks feitlik foutvry. - Lengte korrek.	- Reëls van betrokke formaat is toegepas. - Teks is goed saamgestel en korrek. - Woordkeuse is meestal geskik vir die doel, gehoor en konteks. - Styl , toon en register is meestal toepaslik vir die vereistes van die teks. - Na proeflees en redigering is teks grootliks foutvry. - Lengte korrek.	- Meeste van formaatvereiste van teks is toegepas. - Teks is goed saamgestel en lees maklik. - Woordkeuse is toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks. - Styl, toon en register is algemeen toepaslik. - Na proeflees en redigering is teks meestal foutvry. - Lengte korrek	- Voldoen aan formaatvereiste van teks. - Teks is so saamgestel dat dit maklik lees. Foute beïnvloed nie leesbaarheid nie. - Woordkeuse is gedeeltelik toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks. - Styl, toon en register is taamlik toepaslik - Na proeflees en redigering het teks foute. - Lengte korrek	- Het 'n matige idee van formaat van teks - nalatige foute is gemaak. - Teks net basies saamgestel. Verskeie foute. - Woordkeuse is beperk en nie baie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie. - Gebreke in styl, toon en register. - Na proeflees en redigering het teks verskeie foute. - Lengte te lank of te kort..	- Het 'n vae idee van formaat van teks. - Teks is swak saamgestel en moeilik om te volg. - Woordkeuse het remediëring nodig en nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie. - Styl, toon en register nie geskik nie. - Teks besaai van foute t.s.v. proeflees en redigering. - Lengte te lank of te kort.	- Het nie for teks toegep – Teks is ba saamgestel moeilik om t - Woordkeu ernstige rem nodig en is vir doel, geh konteks van - Styl, toon nie geskik n - Teks besa en deurmek proeflees en - Lengte ver kort
INHOUD		**Kode 7: 80 – 100%**	**Kode 6: 70 – 79%**	**Kode 5: 60 – 69%**	**Kode 4: 50 – 59%**	**Kode 3:40 – 49%**	**Kode 2: 30 – 39%**	**Kode 1:**
Uitmuntend - Gespesialiseerde kennis van vereistes vir teks. - Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus, geen afwyking nie. - Algehele samehang in terme van inhoud en idees, alle besonderhede ondersteun onderwerp. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n feitlik foutlose beplande teks.	**Kode 7: 80-100%**	**24 - 30**	**23 - 25**	**21 – 23**				
Verdienstelik - Goeie kennis van vereistes vir teks. - Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus, feitlik geen afwyking nie. - Inhoud en idees van teks is samehangend, al die besonderhede ondersteun die onderwerp. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n goed beplande teks.	**Kode 6: 70-79%**	**23 - 25**	**21 – 23**	**20 - 22**	**18 – 20**			
Beduidend - Redelike kennis van vereistes van teks. - Skryfwerk – leerder behou fokus, geringe afwyking. -Inhoud en idees van teks is meestal samehangend, besonderhede ondersteun die onderwerp. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n goed beplande teks	**Kode 5: 60-69%**	**21 - 23**	**20 - 22**	**18 - 20**	**17 – 19**	**15 – 17**		

		Uitmuntend	Verdienstelik	Beduidend	Voldoende	Matige	Basiese	O
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL **RUBRIEK** **NSS** **AFDELING C:** **KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE** **10 PUNTE** **AFDELING D:** **NASLAAN- / INFORMATIEWE / VISUELE EN MULTIMEDIATEKSTE** **10 PUNTE**	**TAAL**	- Al die reëls van formaat is toegepas. - Teks is grammatikaal korrek en goed saamgestel. - Woordkeuse is baie geskik vir die doel, gehoor en konteks. - Styl, toon, register is baie toepaslik. - Na proeflees en redigering is teks feitlik foutvry. - Lengte korrek	- Reëls van formaat is toegepas. - Teks is korrek en goed saamgestel. - Woordkeuse is meestal geskik vir die doel, gehoor en konteks. - Styl, toon, register toepaslik. - Na proeflees en redigering is teks grootliks foutvry. - Lengte korrek	- Meeste van die reëls van formaat is toegepas. - Teks goed saamgestel en lees maklik. - Woordkeuse is geskik vir die doel, gehoor en konteks. - Styl, toon, register is algemeen toepaslik. - Na proeflees en redigering is teks meestal foutvry. - Lengte korrek	- Genoeg reëls van formaat is toegepas. - Teks voldoende saamgestel, foute beïnvloed nie lees van teks nie. - Woordkeuse is geskik vir die doel, gehoor en konteks. - Styl, toon, register is taamlik toepaslik. - Na proeflees en redigering het teks steeds foute. - Lengte korrek	- Het 'n matige idee van reëls van formaat - nalatige foute is gemaak. - Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. - Woordkeuse is beperk en nie baie gepas vir die doel, gehoor en konteks. - Gebreke in styl, toon en register. - Na proeflees en redigering het teks verskeie foute. - Lengte te lank of te kort.	- Noodsaaklike reëls van formaat is baie vaag toegepas. – Teks is swak saamgestel en moeilik om te volg. - Woordkeuse het remediëring nodig en nie toepaslik vir doel, gehoor en konteks van teks nie. - Styl, toon en register nie van toepassing nie. - Teks besaai van foute t.s.v. proeflees en redigering. - Lengte te lank of te kort.	- Noods formaat nie. – Teks i saamge moeilik - Woord ernstige nodig e doel, ge van teks - Styl, to nie in oc met ond - Teks b en deur proeflee - Lengte kort.
INHOUD		**Kode 7: 80 – 100%**	**Kode 6: 70 – 79%**	**Kode 5: 60 – 69%**	**Kode 4: 50 – 59%**	**Kode 3:40 – 49%**	**Kode 2: 30 – 39%**	**Kode**
Uitmuntend - Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks. - Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus, geen afwyking. - Algehele samehang wat inhoud en idees betref, alle besonderhede ondersteun onderwerp. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van 'n feitlik foutlose beplande teks.	**Kode 7: 80-100%**	**08 - 10**	**08**	**07 – 08**				
Verdienstelik - Baie goeie kennis van vereistes van teks. - Gedissiplineerde skryfwerk – leerder behou fokus, feitlik geen afwyking. - Teks is samehangend wat inhoud en idees betref, baie goeie uitbreiding, alle besonderhede ondersteun onderwerp. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van goed beplande teks.	**Kode 6: 70-79%**	**08**	**07 - 08**	**07**	**06 - 07**			
Beduidend - Goeie kennis van vereistes van teks. - Sryfwerk – leerder behou fokus, klein afwykings. - Teks is meestal samehangend wat inhoud en idees betref, uitbreiding, meeste van besonderhede ondersteun onderwerp. - Bewys van beplanning en/of konsep daarvan lei tot aanbieding van goed beplande teks.	**Kode 5: 60-69%**	**07 - 08**	**07**	**06 - 07**	**06**	**05 – 06**		